**Les 8 ONS LEEF HEILIG VIR DIE HERE: VOLUIT MET ONS HELE HART, SIEL EN VERSTAND.**

**1.Hersiening.**
Verlede keer het ons gesien ons is regtig heilig, sonder smet en onberispelik voor God. Want Jesus gebruik sy heiligheid soos naald en gare en stik al ons skandes weer toe en maak ons heel. Jesus gebruik sy smetloosheid soos poeierseep en was as die vlekke van ons sondes weg. Jesus gebruik sy onberispelikheid soos 'n strykyster en stryk al ons foute weg.

2.Kernvers.
Hoe leef kinders wat weet die Here maak soos ma's? Hy maak ons altyd heilig, sonder smet en onberispelik. Soos ons elke dag skool toe gaan met heel, skoon en gladgestrykte klere, so maak die Here elke dag ons weer heilig, sonder smet en onberispelik vir Hom.

Kyk hoe leef sulke kinders! *"14 As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. 15 Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. 16 Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig." (1 Petrus 1)*

Kyk wat sê die Here hier vir ons!
- Die Here is heilig.
- Ons hele lewe moet heilig wees.
- Ons moet heilig wees, want die Here is heilig.

**3. Heilig leef beteken om die Here ten volle lief te hê.**
Hoe leef ons heilig? Die Here wys ons hoe ons heilig moet leef in Matteus 22:
*35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. 36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" 37 Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele sielen met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*
- Ons leef heilig as ons die Here met ons hele hart, siel verstand en al ons krag liefhet. Dit beteken alles wat ons voel en dink, voel en dink ons soos die Here wys ons moet voel en dink oor alles. Alles wat ons doen, doen ons vir die Here.
- Ons leef heilig as ons alle ander mense net soos ons self lief het. Dit beteken dat ons nie glo dat ons net party mense mag liefhê nie.

Hoe leef ons heilig? En die antwoord is ons het die Here altyd voluit en heeltemal lief in alles, en ander mense net soos ons ons self lief het.

Wie die Here en mense só lief het, leef heilig.

**4.Kinders wie nie heilig is nie, kan nie voluit lewe nie**

Kom ons kyk weer na ons voorbeeld!

Wat sal ’n seun maak as sy broek skeur en sy onderbroek wys so deur die gat in sy broek vir almal om te kan sien, en sy ma sê: “ Ek is moeg om altyd jou klere heel te maak. Jy gaan nou maar so skool toe.” En sy vat hom so met sy stukkende broek skool toe. Hoe gaan hierdie seun by die skool leef?

Vir die eerste ruk gaan hy niks meer doen wat hy by die skool kan doen nie. As dit pouse, is gaan hy maak asof hy in die klas wil bly om kamstig huiswerk te doen. Hoekom? Want hy is skaam vir sy onderbroek wat uitsteek. Hy gaan nie meer aan enige iets deelneem by die skool nie. Want orals gaan almal vir hom lag omdat hulle sy onderbroek sien.

Maar dan gebeur daar iets anders? Dan sien hy daar is ander kinders wie se ma’s ook nie hulle klere heel maak nie. Dan gaan hy saam met hierdie kinders en hulle staan altyd orals saam. Saam met al hierdie kinders wat ook staan en niks doen nie, voel hy nie meer skaam nie. Later sal hierdie seuns vir die snaaksigheid hulle onderbroeke vir ander kinders begin wys en maak asof dit “cool” is om jou onderbroek vir ander kinders te wys.

Wat sal ’n dogter maak as haar rok sulke olie en tamatiesous vlekke op het vir almal om te kan sien, en haar ma sê: “Ek is moeg om altyd jou klere te was, want jy hou aan om dit vuil te maak”, en sy vat haar so met haar vuil rok skool toe?

Sy gaan eers probeer om die vuil kolle toe te maak met enige iets wat sy in die hande kan kry en ook niks meer saam met al die ander kinders doen nie, want sy is skaam omdat sy vuil is. Sy sal nooit meer voor kinders wil praat, sing of toneel wil speel nie. Later sal sy sien maar daar is nog sulke kinders wie se ma’s te lui is om hulle skoon te hou. Hulle sal almal so saam staan en niks doen by die skool. Want hulle is skaam vir hulle vuil klere. Later sal hulle probeer maak asof dit die mode is om vuil te wees, en hulle sal met kinders wie se klere skoon is begin spot asof kinders moet skaam wees vir skoon klere.

Wat maak kinders as hulle ma’s nie meer hulle klere stryk nie, en hulle moet altyd so met gekreukelde kleure by die skool rondloop? Hulle voel skaam en kwaad vir kinders wie se klere gestryk is, en daarom wil hulle altyd met hierdie kinders baklei sodat hulle hulle klere ook kan kreukel. Om ander kinders se klere te kreukel laat hulle nie meer so skaam voel oor hulle eie klere nie.

Wat wys dit ons?

Kinders wie se klere stukkend, vuil en gekreukel is, kan nie voluit leef nie. Hulle kan nie sonder skaamte trots by die skool alles doen wat kinders kan doen nie. Hulle kan nie trots speel nie, nie trots in die klas saampraat en saam dink nie, nie trots in die koor of toneelgroep optree nie. Hulle kan net saam met ander vuil

kinders niks doen terwyl hulle skaam is en ander kinders spot, seermaak en met hulle baklei omdat hulle klere heel, skoon en gestryk is.

Dit is hoe die in die lewe ook gaan. Mense wie nie wil hê dat die Here hulle heel, skoon en blink moet maak, leef skaam en kwaad. Hulle doen niks meer met al die gawes en geleenthede wat die Here hulle gee nie. Hulle wil net ander mense verneder en seermaak om ook net so vuil soos hulle te voel.

**5. Die Here maak dat ons heilig kan leef.**
Die Here maak ons heilig, sonder smet en onberispelik. Ons mag glo, ons is heilig, sonder smet en onberispelik. Want dit is so! Die Here maak ons só!

Dit is hoe die Here maak dat ons heilig kan leef. Omdat Hy ons heilig, sonder smet en onberispelik maak. Dit is soos kinders wie se klere altyd heel,skoon en blink gemaak word. Hoe leef sulke kinders by die skool? Hoe leef voluit. Daar is niks wat hulle so skaam maak dat hulle nie kan speel, praat, werk, sing of kan toneelspeel nie. Hulle leef altyd trots voluit met alles wat hulle kry om te doen. Hulle wil ook nie saam met kinders wat staan en niksdoen saamstaan nie. Hulle is tebesig om te dienk wat hulle alles kan doen. Hulle wil ook nie ander kinders spot en seermaak nie, want hulle voel nie skaam en kwaad nie. Hulle voel alle ander kinders mag en kan ook voluit leef.

Hoe leef ons heilig?

Ons leef voluit vir die Here. Elke geleentheid wat die Here ons gee, gebruik ons. Elke gawe wat die Here ons gee, gebruik ons. Want ons is trots om sy kinders te wees.

Daar is geen sonde wat ons doen, wat ons skaam maak en so sleg laat voel dat ons nie meer voluit vir die Here kan leef nie. Want Hy maak altyd alles wat ons met ons sondes stukkend maak, vuil maak en kreukel, heel, skoon en blink.

**6.Ons geloof maak dat ons voluit vir die Here saam met sy kinders kan leef.**
Wat sal julle dink as ’n kind se klere stukkend was, vuil en gekreukel was, ’n paar dae of selfs ’n paar weke gelede, maar nog al die te te skaam is om alles saam met al die ander kinders by die skool te doen?

Dit is ’n snaakse probleem, sy klere is heel, skoon en blink, maar hy voel nog stukkend, vuil en gekreukel. Hoekom? Want hy aanvaar nie sy ma het alles weer heel, skoon en blink gemaak nie. Hy wil aanhou glo hy is stukkend, vuil en gekreukel!

Hierdie probleem is ongelowigheid! Mense wil aanhou om niks te doen omdat hulle stukkend, vuil en gekreukel voor die Here voel, al het die Here al sy sondes al weggeneem. Mense wil onheilig, vuil en berispelik voel. Al maak die Here hulle heilig, sonder smet en onberispelik!

Hoekom? Want hulle hou daarvan om skaam en kwaad te leef met al die ander mense wat skaam en kwaad vir God is. Kyk hoe sê dit apostel Petrus dit vir die lidmate: “*“[14]As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie”*
Ons kan nie aanhou om skaam en kwaad vir God te wees, as Hy altyd aanhou om ons heilig, sonder smet en onberispeilk maak nie. Dan leef ons ongelowig. Dan wil ons nie glo die Here maak ons heel, was en stryk ons elke dag nie. Dan wil ons glo ons bly altyd stukkend, vuil en gekreukel omdat ons altyd skaam en kwaad wil leef.

Gelowige kinders leef heilig. Dit beteken nooit dat hierdie kinders nie sondes doen nie. Heilig leef beteken om altyd voluit vir die Here saam met mense te leef omdat Hy altyd al ons sondes wegneem en alles wat ons sondes stukkend maak, vuil maak en verkreukeld maak, heel maak, skoon maak en blink maak.

Julle mag altyd voluit vir die Here leef, want Hy maak julle altyd heilig, sonder smet en onberispelik. Maak nie saak hoeveel sondes julle doen nie.

Julle mag altyd die Here lief hê met julle hele hart, siel en verstand en al julle kragte, want die Here maak julle elke dag weer heilig, sonder smet en onberispelik.

Julle mag altyd ander mense lief hê, want die Here maak julle altyd heilig, sonder smet en onberispelik.

Julle hoef nooit skaam en kwaad te leef vir God en mense nie. Julle mag nooit glo dat julle nie heilig kan leef nie. Want dan glo julle nie die Here maak julle heilig, sonder smet en onberispelik nie. Dan is julle so ongelowig soos ’n kind wie se klere heel, skoon en blink is maar altyd stukkend, vuil en dof wil voel en leef. Dan leef ons volgens ons begeetes en nie soos die Here ons maak nie.